



PRESIDENTSVERKENNER
PROSPEKTUS
2024

1. INLEIDING

Die Presidentsverkenner-toekenning is 'n *vrywillige* en deurlopende proses wat oor die hele Verkennerloopbaan strek en afsluit met die Presidentsverkenner Afrondingskamp waarna die toekenning verwerf word. Met hierdie proses is die Presidentsverkenner-toekenning vir elke Verkenner in graad 12 beskore mits aan die minimum vereistes voldoen word. Elke Verkenner is **self in beheer** van die suksesvolle afhandeling van die proses. Die Presidentsverkenner-toekenning word op nasionale vlak deur die hoofdagbestuur toegeken.

Hierdie prospektus maak voorsiening vir die uitwerking van die Covid-19-inperking van 2020 en 2021.

2. UITKOMSTES VAN 'N PRESIDENTSVERKENNER

Die doel van die Verkennerloopbaan is die ontwikkeling van gebalanseerde jongmense wat hulleself binne hulle eie unieke potensiaal kan handhaaf. Om die Presidentsverkenner-toekenning te verwerf, moet 'n Verkenner bewys dat hy/sy aan die volgende uitkomstes voldoen:

- a. *Geloofsvaardighede* – Kandidate moet begrond wees in hulle Christenskap en oor die kennis, gesindheid en waardes beskik om as konsekwente Christene te leef.
- b. *Kommunikasievaardighede* – Kandidate moet oor vaardighede, kennis en tegnieke van kommunikasie beskik om hulself te kan handhaaf.
- c. *Emosionele vaardighede* – Kandidate moet oor emosionele vaardighede beskik om as volwaardige mens in die samelewing te funksioneer.
- d. *Sosiale vaardighede* – Kandidate moet oor sosiale vaardighede beskik om as volwaardige mense in die samelewing te funksioneer.
- e. *Kulturele vaardighede: Afrikanerskap* – Kandidate moet oor bruikbare kennis van die geskiedenis, kultuur, simbole, gewoontes van die Afrikaner en Afrikaans beskik om te weet wat hulle herkoms is en waaraan hulle geanker is.
- f. *Kulturele vaardighede: Voortrekkerwees* – Kandidate moet 'n grondige kennis hê van die Voortrekkerbeweging.
- g. *Omgewingsvaardighede* – Kandidate moet oor die kennis en vaardighede van hulle omgewing beskik om sinvol binne hulle omgewing te funksioneer en hulle omgewing te bewaar.
- h. *Leierskapsvaardighede* – Kandidate moet oor selfbestuursvaardighede beskik om as volwaardige mense in die samelewing te funksioneer.
- i. *Weerbaarheidsvaardighede* – Kandidate moet oor die kennis en vaardighede beskik om weerbaar in die samelewing te kan funksioneer.
- j. *Positiewe burgerskap* – Kandidate moet oor kennis van hulle land, staat en samelewing beskik om as positiewe burgers 'n bydrae te kan lewer en binne Suid-Afrika/Namibië te funksioneer.

3. VEREISTES VIR DIE PRESIDENTSVERKENNERTOOKENNING

Die minimum vereistes waaraan 'n Verkenner moet voldoen alvorens die Presidentsverkenner-toekenning verwerf kan word.

3.1 Diensjare

Kandidate moet 'n minimum van drie (3) jaar as Verkenner 'n geregistreerde lid van Die Voortrekkers wees, waarvan Graad 11 en 12 verpligtend is.

Die vereistes:

1. Die vereiste graadwielwerk en -opdragte vir elke geregistreerde jaar moet afgehandel wees.
2. Verkenners wat nie vanaf Graad 8 ingeskryf was nie, moet die uitstaande graadwielwerk en -opdragte inhaal. Die graadwielopdragte van die kategorie *Voortrekkerlewe* word kwytskeld vir die onaktiewe Voortrekkerjare vir Graad 8 en Graad 9.

3.2 Spesialisasies

Verkennerspesialisasies is in sewe kategorieë verdeel, naamlik Afrikanerskap, Burgerskap, Christenskap, Diensbare Leierskap, Omgewing, Vaardighede en Tegnologie.

Kandidate moet ten minste **6** Verkennerspesialisasies, soos hieronder uiteengesit, voltooi:

1. 'n Minimum van **1** spesialisasie uit elk van die kategorieë Afrikanerskap, Burgerskap, Christenskap en Diensbare Leierskap moet verwerf word.
2. Die ander **2** spesialisasies kan uit enige kategorieë gekies word.

Indien 'n Verkennerspesialisasie in die graad 12 jaar voltooi word vir erkenning, moet dit afgehandel wees teen die einde van die eerste skoolvakansie en die sertifikaat moet dadelik ingestuur word na die gebiedskantoor voor die aanvang van die PV-teoretiese vraestel.

Die COVID-19 kenteken wat in 2020 uitgereik is aan Verkenners wat die nodige werkboek voltooi het, word erken as 'n Burgerskap kenteken tydens die aansoekproses. Let wel daarop dat hierdie kenteken slegs in 2020 toegeken was en dat dit nie op enige later datum uitgereik kan word nie.

3.3 Gebiedskampe

Kandidate moet ten minste **2** Verkennergebiedskampe bywoon in hulle Verkennerloopbaan.

'n Kandidaat mag **een** gebiedskamp in die Aprilvakansie van die jaar waarin die Presidentsverkenner Afrondingskamp bygewoon word, in aanmerking neem vir die vereistes. Die bywoningssertifikaat moet direk na die kamp by die gebiedskantoor ingedien word.

3.4 Getuigskrifte

Drie getuigskrifte vanaf die kerk, skool en kommando onderskeidelik moet elke kandidaat se inskrywing vergesel (Aanhangsel C, D en E). Dit is **belangrik** dat die kandidaat die begeleidende brief (Aanhangsel B) saam met **elke** getuigskrif aan die skrywer van die getuigskrif sal gee.

Die Verkenner moet die drie voltooide getuigskrifbriewe in 'n koevert plaas, met die Verkenner se naam, Voortrekkerlidnommer en kommandonaam daarop. Die geseëde koevert word aan die kommando oorhandig wat dit saam met die inskrywingsvorm aan die betrokke gebiedskantoor stuur.

Getuigskrifte word deur die betrokke Gebiedskomitee: Verkennersake nagegaan. Getuigskrifte wat dui op negatiewe gedrag, wat die toekenning van die Presidentsverkenner-toekenning kan benadeel, word opgevolg met die skrywer. Die getuigskrif en ondersoek word by die eerste gebiedsdagbestuurvergadering van die jaar hanteer en die gebiedsdagbestuur besluit of die Verkenner verder aan die proses kan deelneem. Indien daar besluit word dat die Verkenner nie kwalifiseer vir die Presidentsverkenner-toekenning nie, sal die gebiedsdagbestuur die kommando, asook die ouers, per brief daarvan in kennis stel voor of op 28 Februarie 2024.

3.5 Graadwielwerk en -opdragte

Die Nuwe Verkennerlewe is opgedeel in graadwielwerk en -opdragte per graad:

1. Graad 8: Groenkopverkenner
2. Graad 9: Baanbrekerverkenner
3. Graad 10: Uithalerverkenner
4. Graad 11: Baasverkenner

Elke kandidaat moet die graadwielwerk en graadwielopdragte van Graad 8, 9, 10 en 11 van die Verkennerlewe voltooi. Na die suksesvolle afhandeling van elke jaar se graadwielwerk en -opdragte, word die betrokke graadwiel toegeken aan die Verkenner deur die betrokke kommandobestuur.

Verkenners wat nie vanaf Graad 8 ingeskryf was nie, moet die uitstaande graadwielwerk en -opdragte inhaal. Die graadwielopdragte van die kategorie *Voortrekkerlewe* word kwytgeskeld vir die onaktiewe Voortrekkerjare vir Graad 8 en Graad 9.

Graad 11 Verkenners van 2023 wat inskryf vir die PV-proses van 2024 moet dus die volgende by die kommandobestuur inhandig:

1. Bevestiging van die spanoffisier dat die graadwielopdragte van die Groenkopverkenner, Baanbrekerverkenner, Uithalerverkenner en Baasverkenner suksesvol afgehandel is.
2. Aanhangsel F, wat die suksesvolle afhandeling van die bogenoemde graadwiel- en portefeulje-opdragte bevestig en deur die kommandobestuur voltooi is, moet die kandidaat se inskrywing vergesel.

3.6 Teoretiese vraestel

Die teoretiese vraestel word in Suid-Afrika op **15 April 2024** geskryf en op **11 Maart 2024** in Namibië. Die teoretiese vraestel word elektronies geskryf in verskillende sentrums soos gereël deur die onderskeie oordbesture.

In geval van onvoorsiene omstandighede (bv. siekte of dood), kan aansoek vir 'n spesiale eksamen, met die nodige stawende dokumente, gerig word aan die Adjunkgebiedsleier: Verkennersake. Die spesiale eksamen word op **22 April 2024** geskryf.

Kandidate met spesiale behoeftes, waarvoor die skool addisionele tyd of alternatiewe evalueringsmetodes (bv. mondelinge teoretiese evaluering) vir die beantwoording van teoretiese evaluering toelaat, moet reeds tydens inskrywing aansoek doen hiervoor. So 'n aansoek moet vergesel wees van 'n sertifikaat of brief van die betrokke skool waarin aangedui word hoe die kandidaat in soortgelyke teoretiese evalueringe evalueer word.

Die Verkenner moet 'n minimum van 50% in die teoretiese vraestel behaal om te kwalifiseer vir die Presidentsverkenner-toekenning. Indien die kandidaat nie 50% behaal nie, kan die kandidaat steeds aandui dat hy/sy wil voortgaan met die PV-proses met dien verstande dat die kandidaat net vir die Bobaassertifikaat kan kwalifiseer. Indien 'n Bobaasverkennerkandidaat nie 50% behaal nie, kan die kandidaat steeds aandui dat hy/sy wil voortgaan met die PV-proses met dien verstande dat die kandidaat vir geen toekenning sal kwalifiseer nie.

Die vraestel bestaan uit die inhoud van die nuwe Verkennerlewe – *Weergawe 2.1 (01/21)* – sowel as aktuele sake van die jaar.

3.7 Ledegeld 2024

Die kandidaat se ledegeld moet teen 31 Maart 2024 betaal en op SAS aangedui wees.

3.8 SAS

Die kandidaat se SAS-data moet op datum wees en alle spesialisasies wat verwerf was gedurende die Verkenner se loopbaan, moet aangedui wees.

3.9 **Presidentsverkenner Afrondingsgeleentheid**

Na suksesvolle bywoning van die Presidentsverkenner Afrondingsgeleentheid word die onderskeie toekennings aan die kandidate toegeken.

Om die Presidentsverkenner Afrondingsgeleentheid suksesvol te voltooi, moet die kandidaat:

1. die Presidentsverkenner Afrondingsgeleentheid volledig bywoon
2. aktief deelneem aan alle aktiwiteite
3. formele en aktiewe Voortrekkerdrag dra soos deur die Presidentsverkenner Afrondingsgeleentheid vereis, volgens die reglemente

Onaanvaarbare gedrag of optredes bv. skeltaal, drankgebruik of oortree van die Presidentsverkenner Afrondingsgeleentheid reëls diskwalifiseer 'n Verkenner om in aanmerking te kom vir 'n toekenning.

4. **INSKRYWINGSPROSES**

Kandidate moet voor of op 30 November 2024 by die betrokke gebiedskantoor ingeskryf wees.

Die volgende vereistes en dokumente moet die inskrywing vergesel. Dit is belangrik om daarop te let dat, indien enige van die onderstaande nie die inskrywing vergesel nie, dit die Verkenner se toelating tot die PV-proses negatief kan beïnvloed:

1. Die voltooide en ondertekende inskrywingsvorm.
2. Bevestiging van die kommandobestuur dat die kandidaat sy/haar graadwielwerk en -opdragte suksesvol afgehandel het. (Aanhangsel F)
3. Getuigskrifte soos in Paragraaf 3.4 bespreek. (Aanhangsel C, D en E)
4. Bewys van betaling van die inskrywingsgeld (R100).
5. Die kandidaat se SAS-lidbesonderhede-verslag wat die lid se persoonlike inligting, lidmaatskap, posisies en spesialisasies bevestig.

Die Gebiedskomitee Verkennersake of gebiedskantoor verifieer die inskrywings en gee terugvoer aan kommando's voor of op 28 Februarie 2024.

Die gebiedskantoor van die betrokke gebiede bepaal die reëlins vir indiening van die inskrywing.

5. BELANGRIKE DATUMS

Datum	Aktiwiteit	Verantwoordelike instansie
Oktober 2023	Assessering van alle grade se graadwielwerk en -opdragte	Kommandobestuur
30 November 2023	Sluitingsdatum vir Presidentsverkennerproses 2024	Gebiedskantoor
28 Februarie 2024	Getuigskrifte nagesien, voorgelê en bespreek deur die gebiedsdagbestuur en kandidate verwittig	Gebiedsdagbestuur
11 Maart 2024	Teoretiese vraestel vir Namibië	Gebiedsdagbestuur
15 April 2024	Teoretiese vraestel vir Suid-Afrika	Gebiedsdagbestuur
22 April 2024	Spesiale eksamen	Gebiedsdagbestuur
<i>Sal later vasgestel word</i>	Sluitingsdatum vir PV2024 Afrondingsgeleentheid	Hoofkantoor
<i>Sal later vasgestel word</i>	PV2024 Afrondingsgeleentheid	NK: Verkennersake

6. BOBAASSERTIFIKAAT

Die Bobaassertifikaat word toegeken aan Presidentsverkennerkandidate wat deurlopend deelneem aan die proses maar nie voldoen aan 'n bepaalde vereiste nie.

In die volgende scenario's kan die Verkenner bevestig dat hy/sy wil voortgaan met die PV-proses met dien verstande dat die kandidaat net kan kwalifiseer vir die Bobaassertifikaat:

1. Die kandidaat voldoen nie aan die minimum vereistes nie, byvoorbeeld:
 - a. slegs 2 jaar 'n geregistreerde lid (in plaas van die nodige 3 jaar)
 - b. slegs 5 spesialisasies voltooi (in plaas van die nodige 6)
2. Ander buitengewone gevalle waar die betrokke Gebiedskomitee: Verkennersake die aansoek goedkeur. Sodra die bevestiging deur GK: Verkennersake hanteer is, sal die Verkenner in kennis gestel word van die uitslag.
3. Sien Aanhangsel I vir 'n uiteensetting van die toekenning van die Bobaassertifikaat.

In alle gevalle moet die kandidaat steeds inskryf soos omskryf in Paragraaf 4.

Let wel dat die aansoek met oortuiging moet bewys dat daar aktief en deurlopend deelgeneem is aan die proses. Uitstaande graadwielopdragte moet voor die sluitingsdatum ingehaal word en 'n kandidaat kan nie in aanmerking kom vir die Bobaassertifikaat indien al die graadwielopdragte nie voltooi is nie.

Om voort te gaan met die proses as Bobaasverkenner moet Aanhangsel H voltooi word en ingestuur word aan die betrokke gebiedskantoor voor die aflê van die PV- teoretiese vraestel.

Aanhangsel H verleen toestemming vir die kandidaat om die Presidentsverkenner Afrondingskampe by te woon met die verstande dat die kandidaat en die kandidaat se ouers 'n onderneming teken dat hulle bewus is dat die kandidaat nie sal kwalifiseer vir die Hoofleierswag- of Presidentsverkenner-toekenning nie.

Die Bobaasverkenner-sertifikaat sal aan die kandidaat oorhandig word na afloop van die Presidentsverkenner Afrondingskamp tydens 'n oorhandigingsfunksie soos deur die betrokke gebied bepaal.

7. HOOFLEIERSWAGTOEKENING

Die Hoofleierswagtoekenning word verwerf wanneer die kandidaat voldoen het aan al die vereistes van die Presidentsverkenner-toekenning en die PV- teoretiese vraestel geslaag het, maar nie die Presidentsverkenner Afrondingskamp bygewoon het nie.

Die Hoofleierswagtoekenning sal aan die kandidaat oorhandig word na afloop van die Presidentsverkenner Afrondingskamp tydens 'n oorhandigingsfunksie soos deur die betrokke gebied bepaal.

8. PRESIDENTSVERKENNERTOEKENING

Die Presidentsverkenner-toekenning word verwerf wanneer die kandidaat voldoen het aan al die vereistes van die Presidentsverkenner-toekenning, die PV- teoretiese vraestel slaag en die Presidentsverkenner Afrondingskamp suksesvol bygewoon het.

Die Presidentsverkenner-toekenning sal aan die kandidaat oorhandig word na afloop van die Presidentsverkenner Afrondingskamp tydens 'n oorhandigingsfunksie soos deur die betrokke gebied bepaal.

9. ALGEMEEN

'n Verkenner mag net een keer gedurende sy/haar Verkennerloopbaan inskryf vir die Presidentsverkenner-toekenning.

Alhoewel daar sterk aanbeveel word dat kandidate in graad 12 moet wees, is dit nie 'n vereiste nie.

Kandidate moet die teoretiese vraestel en die Presidentsverkenner Afrondingskamp/Konferensie in dieselfde jaar voltooi om te kwalifiseer vir die Presidentsverkenner-toekenning.

10. APPÈL

Indien 'n kandidaat ontevrede is met die uitslag van sy/haar aansoek vir die Presidentsverkenner-toekenning, mag die kandidaat skriftelik appèl aanteken.

1. Enige appèl word na die betrokke AGL: Verkennersake verwys.
2. Die betrokke AGL: Verkennersake sal alle nodige inligting inwin vanuit die betrokke gebiedsdagbestuur.
3. Die Nasionale Komitee: Verkennersake sal tydens die volgende vergadering 'n voorstel aan die hoofdagbestuur maak.
4. Die hoofdagbestuur sal die finale besluit neem rondom die toekenning aan die betrokke kandidaat.

AANHANGSELS

- Aanhangsel A: Inskrywingsvorm 2024
- Aanhangsel B: Begeleidende brief tot die getuigskrifte
- Aanhangsel C: Getuigskrif – Geestelike mentor 2024
- Aanhangsel D: Getuigskrif – Voortrekkeroffisier 2024
- Aanhangsel E: Getuigskrif – Skool-omgewing 2024
- Aanhangsel F: Bevestiging van kommandobestuur: Graadwielwerk en -opdragte
- Aanhangsel G: Voorvereistes kontroleblad
- Aanhangsel H: Aansoek om Bobaastoekening
- Aanhangsel I: Vloedidiagram van toekennings & vereistes

Aanhangsels A-I is beskikbaar op <https://voortrekkers.co.za/biblioteek/#109-wpfd-verkenners>

Groete

NK: Verkennersake